Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS

- Verwys dikwels terug na die vrae en die nasienriglyne gedurende die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vrae gereeld te lees (en te herlees) tesame met die kandidaat se antwoord om na te gaan dat dit ooreenstem, sodat u nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord, dan die vraag in die vraestel en die antwoord in die nasienriglyne.
  - Vra jouself of jou senior nasiener of die antwoord in die nasienriglyne kan 'pas' voordat die korrekte punte aan die kandidaat toegeken word.
  - Aanvaar korrekte antwoorde wat anders uitgedruk word, bv. die nasienriglyne noem 'stadig' en die leerder antwoord 'nie vinnig nie'.
- Wees versigtig vir oorvleuelende antwoorde op 'n spesifieke vraag. In die algemeen word EEN punt per feit toegeken.
- Moenie antwoorde vir die kandidaat kies nie. Waar 'n vraag vereis dat die kandidaat moet LYS of NOEM, merk die eerste getal antwoorde/feite wat vereis word, bv. die eerste TWEE feite as 'n kandidaat 'n lys van VYF gee wanneer slegs TWEE feite vereis word en ignoreer die res, selfs as dit in 'n paragraafvorm aangebied word.
- Vrae wat langer antwoorde vereis moet as 'n enkele eenheid gesien word. Punte kan toegeken word ongeag van waar dit in die paragraaf voorkom.

AFDELING A

VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSE

1.1	C	✓	1
1.2	C	✓	1
1.3	D	✓	1
1.4	A/B/C	✓	1
1.5	B	✓	1
1.6	C	✓	1
1.7	A/C	✓	1
1.8	D	✓	1
1.9	D	✓	1
1.10	D	✓	1
			Totaal: [10]

VRAAG 2: PASITEMS

2.1	R	✓	Konvergensie	1
2.2	E	✓	Watermerk	1
2.3	P	✓	Verstekwaarde	1
2.4	C	✓	Objektiwiteit	1
2.5	K	✓	GB	1
2.6	T/G	✓	Geo-etikettering/ Ligging-deling	1
2.7	N	✓	Plug-and-play	1
2.8	H	✓	Digitale voetspoor	1
2.9	A	✓	#Value!	1
2.10	O	✓	Aandrywers	1
				Totaal: [10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

(Nota aan nasiener: • *In Vraag 3.2, 3.3, en 3.5 moet kandidate die regte term gee, bv. Moederbord, om die punt te verdien.* • *<u>Ken die punt toe indien die korrekte antwoord gegee is sonder die woord ONWAAR.</u>* • *MOENIE die punt toeken indien slegs die woord ONWAAR gegee word sonder 'n korrekte antwoord NIE.)*		
3.1	Waar ✓	1
3.2	Onwaar – Braille ✓	1
3.3	Onwaar – Sekondêre ✓	1
3.4	Waar ✓	1
3.5	Onwaar – Fokus(vraag) ✓	1
		[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIË

4.1	**TWEE nadele van die gebruik van 'n koordlose muis** (1) Kan maklik gesteel/verloor word (2) Batterye moet gereeld vervang word (3) Vatbaar vir sein inmenging/steuring (4) Bluetooth ontvanger kan verloor/beskadig word en dan sal muis nie werk nie/buite bereik van ontvanger ✓✓ (Enige twee)		2
4.2	**Biometriese sekuriteit en EEN voorbeeld van 'n biometriese toestel** **Verduideliking:** Biometriese sekuriteit gebruik unieke biologiese eienskappe ✓ om toegang tot toestelle/stelsels te kry **EEN voorbeeld van 'n biometriese toestel:** (1) Vingerafdrukleser/skandeerder (2) Iris/Oog/Retinale skandeerder (3) Gesigsherkenningkamera (4) Stemherkenningsmikrofoon ✓ (Enige een)		2
4.3	**Funksie van 'n OKT/UPS in vergelyking met permanente kragbron** **Vergelyking:** 'n Kragbron is ontwerp om aaneenlopende krag te voorsien ✓ terwyl 'n OKT rugsteunkrag gedurende kragonderbrekings voorsien ✓ **OF** **Aanvaar enige twee aspekte vir OKT:** (1) OKT het 'n battery rugsteunstelsel (2) OKT voorsien rugsteunkrag tydens kragonderbrekings (3) OKT beskerm jou toestel teen kragstuwings (4) OKT laat die gebruiker toe om hul werk te stoor voordat die toestel afgeskakel word ✓✓ (Enige twee)		2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.4	**DRIE basiese hardeware komponente** (1) Verwerker (SVE/'CPU') (2) Geheue (RAM) (3) Stoor (SSD/HDD) (4) Moederbord (5) Grafikakaart ('GPU') (6) Netwerkkaart ('NIC') (7) Kragbron ✓✓✓ (Enige drie)		3
4.5	**TWEE redes waarom projektor 'No Signal' vertoon** (1) Kabels/sein (WiFi; Bluetooth ens.) nie reg gekoppel nie (2) Foutiewe kabel/poort (3) Verkeerde vertooninstellings (bv. uitgebreide, duplikaat, ens) (4) Rekenaar is af of op slaapmodus (5) Foutiewe/verouderde aandrywers ('drivers') (6) Korrekte bron is nie gekies nie (PC/VGA/HDMI, ens.) ✓✓ (Enige twee)		2
4.6	**Toeganklikheidseienskappe wat 'n dowe persoon kan gebruik** (1) Byskrifte/subtitels vir gesproke dialoog aan (2) Spraak-na-teks (3) Visuele (flikker) kennisgewings vir klank (4) Beweging (vibrasie) kennisgewings vir klank ✓✓ (Enige twee)		2
4.7.1	**Verskil tussen enkelgebruiker- en multigebruikerstelsel** 'n Enkelgebruikerstelsel is beperk tot een aktiewe gebruiker ✓ /een gebruiker op 'n gegewe tyd Multigebruikerstelsel laat toe dat meer as een gebruiker terselfdertyd toegang kry ✓ *(Nota aan nasiener: Moet nie aanvaar as die vraag herhaal is nie)*	2	
4.7.2	**Voorbeeld multigebruikerstelsel** (1) Aanlyn rekenaarspeletjies (2) Aanlyn platvorms (3) Groot (netwerk) maatskappye/instansies (vb. skool, universiteit, bank, SARS, ens.) ✓ (Enige een) *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige voorbeeld)*	1	3

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.8	**TWEE maniere om GUI te pasmaak** **Vertoon/Versteluitleg** (1) Verander skermresolusie (2) Verander agtergrond (3) Temas (4) Fontgrootte/kleur (5) Helderheid van skerm **Werkskerm uiteensetting/organisasie** (6) Voeg by/neem weg kortpaaie/ikone (7) Formateer kortpaaie/ikone **Toevoer toestelinstellings** (8) Pasmaak ('custom') sleutelbord (9) Verander merker grootte/vorm **Klankinstellings** (10) Stelsel klank (11) Kennisgewing klanke **Spyskaart pasmaking** (12) Vinniger toegang spyskaarte (13) Toeganklikheid **Windows gedrag** (14) Meervoudige werkskerms **Sisteemvoorkeure** (15) Datum- en tydformaat (16) Kennisgewing area 'Notification tray'-ikoon ✓✓ (Enige twee) *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige toepaslike antwoorde)*		2
4.9.1	**Maak sagtewarefoute in sagteware reg** (1) Installeer 'n regstelling ('patch') (2) Installeer 'n dienspakket (3) Dateer sagteware op ✓ (Enige een)	1	3

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.9.2	**TWEE risiko's van foutiewe/gebrekkige sagteware** (1) Sekuriteit kwesbaarhede: skep sekuriteitgapings wat aanvallers kan gebruik om ongemagtigde toegang te verkry (2) Verlies of korruptering van data: data kan verlore of korrup raak (3) Stelselineenstorting: die toestel kan ophou werk/faal, wat die normale funksionering onderbreek (4) Aanpasbaarheidskwessies: kan aanpasbaarheid probleme met sagteware en hardeware veroorsaak ✓✓ (Enige twee)	2	
4.10	**'Hidden' attribuut vs 'read-only' attribuut** 'Hidden': Die gebruiker kan nie die lêer sien nie ✓ 'Read-only': Die gebruiker kan die lêer sien, maar nie verander nie ✓ **OF** **Hidden**: (1) Versteek die lêer buite sig en uitleg (2) Nie sigbaar vir die gebruiker as 'show/hide' nie aangeskakel is nie **OF** **Read-Only:** (1) Verhoed gebruikers om die lêer te redigeer, maar kan steeds oopgemaak word (2) Onmiddelik sigbaar aan gebruiker (3) Kan gesien en gekopieer word maar kan nie verander of uitgewis word sonder om attribuut te verander nie *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige TWEE antwoorde)*		2
4.11	**Verduidelik skyfoptimalisering** Om gefragmenteerde/verspreide data op die rekenaar se hardeskyf te herorganiseer ✓ om die werkverrigting en effektiwiteit te verbeter/skyffoute reg te maak ✓		2
			[25]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

5.1	**Kommunikasie media vir hoëspoed internet konneksie** (1) Veseloptiese kabel (2) Koperkabel ('Coaxial') (3) DSL ('Digital Subsciber Line') (4) Ethernet (5) Radiogolwe 4G/5G/LTE Sel Netwerke (6) Satelliet ✓ (Enige een)		1
5.2	**Verduidelik 'n draadlose toegangspunt** 'n Toestel ✓ wat draadlose toestelle toelaat om met 'n gekabelde/koordlose netwerk te koppel ✓		2
5.3	**EEN metode om netwerksekuriteit te beveilig** (1) Netskanse ('Firewalls') (2) VPN (3) Toegangsbeheer/Verifikasie/Aanteken ('Login') (Gebruikersnaam en wagwoord) (4) Antivirus of antikwaadwillige sagteware sekuriteit (5) Gebruik sekuriteitprotokol vir wagwoord enkripsie (6) Netwerk data leêrs/leêrs kan geïnkripteer word ✓ (Enige een)		1
5.4	**TWEE redes om NIE Intranet te gebruik nie** (1) Maatskappy te klein om die onkoste van Intranet te regverdig/Dikwels aan lisensiëring gekoppel (Office ens.) (2) Personeel kan ongemagtigde toestelle inbring en die intranet besmet met 'malware' (3) Vereis integrasie en instandhouding (4) Dikwels ingewikkeld vir werknemers/Ontoeganklik/uitdagend vir werknemers om toegang te kry vanaf hulle huis/persoonlike PRs of slimfone/Selde toegerus vir aflyn funksionaliteit/Werknemers benodig opleiding ✓✓ (Enige twee)		2
5.5	**Verduidelik 4IR** Integrasie van tegnologiëe ✓ in die fisiese, digitale en biologiese wêreld ✓ *(Nota aan nasiener: Moet nie slegs voorbeelde aanvaar sonder 'n verduideliking nie)*		2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.6	**TWEE voordele van webblaai met oortjies ('tabbed browsing')** (1) Effektiewe gebruik van skermspasie (2) Vinniger navigasie/Spaar toegangstyd tot die webtuiste (3) Toegang tot meer as een webtuiste (4) Organisering van oortjies in groepe (5) Laat meervuldige tuisblaaie toe om gelyktydig oop te wees (6) Gerieflik vir multitake ✓✓ (Enige twee)		2
5.7	**TWEE faktore wat oplaai en aflaai spoed mag verminder** (1) Lêergrootte/Veelvuldige lêers oop (2) Bandwydte grootte (3) Agtergrond programme wat hardloop (4) Die tipe internetkonneksie (bv. DSL, kabel, vesel) (5) Die kwaliteit/stabiliteit/betroubaarheid van die konneksie/netwerkverkeer/oopeenhoping (6) Afstand vanaf die diensverskaffer/roeteerder (7) Hardeware vermoëns (roeteerder, modem) (8) Vorming ('Shaping') (9) Smoring ('Throttling') (10) Kapasiteit van die IDV se infrastruktuur (11) Effektiwiteit van die gebruiker se toestel ✓✓ (Enige twee)		2
5.8.1	**Onderwerpreël nie toepaslik nie** Die onderwerpreël dui nie die onderwerp van die e-pos aan nie ✓	1	
5.8.2	**Verskil tussen merk prioritisering en 'flagging'** Hoë prioriteit: Hierdie e-posse is gemerk as belangrik ✓ deur die afsender/moet dadelik aangespreek word Merk ('Flagging'): Merk is 'n manier waarop jy e-posse organiseer/kategoriseer/prioritiseer/opvolg of tred hou daarmee ✓	2	3
			[15]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1	**TWEE maniere vir die aanbied van navorsinginligting aan teikengehoor** (1) Skryf 'n verslag (2) Skep 'n aanbieding (3) Skep 'n webtuiste (4) Potgooi/Vodgooi (5) Sosiale media (6) Gedrukte media ✓✓ (Enige twee) *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige voorbeelde)*		2
6.2	**EEN rede vir die gebruik van ouer bronne** (1) Feitlike inligting wat nie verander nie (2) Gevestigde outoriteit en geloofwaardigheid van die skrywer (3) Historiese inligting (4) Die inligting is steeds relevant (5) Kan met nuwer bronne vergelyk word ✓ (Enige een)		1
6.3	**TWEE riglyne vir die opstel van vrae in 'n vraelys** (1) Gebruik meestal geslote vrae (2) Hou vrae kort (3) Kategoriseer/Groepeer vrae (4) Beperk die aantal vrae/Tyd wat dit neem om vraelys te voltooi (5) Gebruik maklik verstaanbare taal (6) Vra vrae wat relevant is/Teikengehoor (7) Gee opsies om vanaf te kies (8) Vra vrae wat mense nie na spesifieke antwoorde toe lei nie/Onbevooroordeeld *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoorde)* ✓✓ (Enige twee)		2
6.4	**EEN rede om databasis vir dataverwerking te gebruik in plaas van sigblad** (1) (Komplekse) navrae kan geskep word (2) Om verslae te skep met groepering/berekeninge (3) Skep verwantskappe of koppeling van baie data (4) Groot hoeveelheid data is te kompleks om mee te werk of om in 'n sigblad te vertoon *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoord)* ✓ (Enige een)		1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.5.1	**EEN verwysingseienskap buiten sitaat ('citation')** (1) Bibliografie (2) Eindnota/Voetnota (3) Byskrif ('Caption') ✓ (Enige een)	1	
6.5.2	**Voorbeeld van tipe data** (1) Sluit die naam van prent skepper/outeur/fotograaf/kunstenaar in (2) Naam van prent (3) Webtuiste/Hiperskakel (URL) na die oorspronklike bron (4) Datum van skepping, uitgewer (‘publisher’) *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoord)* ✓ (Enige een)	1	2
6.6	**Dui TWEE bevindinge van die verslag aan** (1) Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers vir die fietsry resies is 32 (2) Die aantal deelnemers vir die fietsry resies is 5 (3) 3 van die deelnemers aan die fietsry resies is ouer as 30 jaar/ 2 deelnemers aan die fietsry resies is 30 jaar en jonger (4) Meer deelnemers in hul 30's het fietsry gekies het (5) Meer hardlopers as fietryers ✓✓ (Enige twee) *(Nota aan nasiener: Moenie punte toeken vir uitlegver-duidelikings nie)*		2
			[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1.1	**Definisie vir rekenaarvirus** Sagteware/program/toep(app) ✓ wat ontwerp is vir kwaadwillige/ongewenste/onverwagte doeleindes ✓	2	
7.1.2	**TWEE maniere waarop 'n virus 'n rekenaar affekteer** **Programme en lêers** (1) Lêer(s) word korrup (2) Onbekende program(me) of lêer(s)/lêergidse verskyn skielik (3) Addisionele programme begin hardloop wanneer rekenaar aangeskakel word (4) Grootte van 'n lêer verander sonder enige verduideliking (5) Program(me) of lêer(s) is skielik weg (6) Program/lêer verander sonder verduideliking/hou op reg werk **Stelsel** (1) Instellings van sekuriteit sagteware verander/word afgeskakel (2) Vreemde/onverwagte boodskappe/'pop ups'/beelde/ foutboodskappe vertoon op die rekenaar skerm (3) Rekenaar begin skielik werk of werk stadiger (4) Ongemagtigde veranderinge word aan register gemaak (5) Die beskikbare geheue is minder as wat dit behoort te wees (6) Stelseleienskappe verander (7) Beskikbare hardeskyfspasie verminder skielik (8) Die netwerk se werkverigting word beïnvloed (9) Rekenaar wil nie laai ('boot') nie *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoorde)* ✓✓ (Enige twee)	2	4
7.2	**Term vir al die maniere om mense te mislei om vertroulike inligting te verkry vir bedrog** Sosiale manipulasie ('Social engineering') ✓		1
7.3.1	**Verduidelik groenrekenarisering** Gebruik van rekenaars op 'n manier wat nie die omgewing beskadig nie ✓	1	2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

7.3.2	**EEN energiebesparingsmetode** (1) Skakel af/prop toestelle uit wanneer dit nie gebruik word nie (2) Skakel slaap/hibernering funksies van die rekenaar aan vir wanneer rekenaar nie gebruik word nie (3) Verminder skerm helderheid (4) Aktiveer battery besparingsmodus (5) Gebruik energiebesparingstoestelle bv. LCD skerms, SSD ✓ (Enige een)		
7.4.1	**Term vir gevaar** Klikkaping ('Click-jacking')/'Pharming' ✓	1	
7.4.2	**TWEE aanbevelings om die herleiding na 'n kwaadwillige bladsy te voorkom** (1) Laai liedjies slegs van welbekende webtuistes af (2) Verifieer dat die webtuiste se URL korrek is en dit ooreenstem met die amptelike webtuiste (3) Gebruik webblaaierinstellings wat van jou verwag dat jy moet klik indien multimedia-inhoud wil speel (4) Installeer opwipblokkeerders (5) Gebruik webblaaier uitbreidings wat addisionele sekuriteits-eienskappe verskaf (6) Hou jou webblaaier op datum (7) Voordat jy klik op 'n aflaaiskakel, hang eers daaroor om te sien dat die regte URL is (8) Vermy om op opwipvensters, baniere, of onverwagte knoppies wat verskyn wanneer jy probeer aflaai, te klik. (9) Hou jou antivirus sagteware opgedateer en aktief (10) Kontroleer resensies en graderings van die aflaaidiens of lêer voordat jy voortgaan (11) Maak seker dat die webtuiste HTTPS gebruik *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoorde)* ✓✓ (Enige twee)	2	3
			[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1	**Eienskap om opskrifte gelyktydig te verander** Style ✓		1
8.2.1	**Eienskappe om tabelstoppe in te stel** Gebruik die liniaal ✓ Gebruik die tabelstopinstellings ✓	2	
8.2.2	**EEN doel van byvoeg van gidslyne** (1) Om die leesbaarheid/inlynstelling van die teks te verbeter (2) Konnekteer visueel en lei die leser se oog oor die spasie tussen die tabelstoppe (3) Om handtekening-/datumlyne by te voeg ✓ (Enige een)	1	3
8.3.1	**Eienskap vir die skep van 'n lys** Veelvlaklys ('Multilevel list') ✓	1	
8.3.2	**Datum is nie deel van lysitem nie** Die datum is steeds deel van dieselfde paragraaf want die lynbreek/'soft enter'/'Shift+Enter' is gebruik ✓ 'n Nuwe nommer sal slegs vir 'n nuwe paragraafbreuk vertoon/'Enter' ✓	2	3
8.4	**Verskil tussen <th> en <td>** <th> Skep 'n opskrif sel in ✓ tabel/teks wat vetdruk en gesentreer is <td> Skep 'n sel om data in 'n tabel te voeg ✓		2
8.5.1	**Gebruik van OLE objek** Gebruik vir koppeling/'embedding'/insit van prente/lêers/video, as data ✓	1	
8.5.2	**Data tipes wat as teks gebruik kan word** (1) Short text (2) Long text (3) Lookup ✓✓ (Enige twee)	2	3

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

8.6	**Funksies gekombineer om gebruikersnaam uit e-posadres te onttrek** LEFT ✓ **OF** MID LEN ✓ FIND ✓		3
			[15]

TOTAAL AFDELING B: 75

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C

VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

9.1	**TWEE voordele vir die komitee vir die ontwerp van sagtekopie vs. hardekopie** (1) Interaktiewe elemente (2) Spaar drukkoste (3) Maklik om te verander/op te dateer (4) Bereik groter gehoor/Makliker om te deel (5) Spaar die omgewing (6) Toeganklikheidseienskappe ✓✓ (Enige twee)		2
9.2.1	**Netwerkbeleid vir skool wat in plek moet wees** AGB ('AUP') ✓	1	
9.2.2	**Verduidelik netwerkpasstuk ('adaptor')** 'n Komponent in 'n rekenaar wat netwerkkoppeling moontlik maak ✓	1	
9.2.3	**Netwerk stadig terwyl aan die e-tydskrif werk** (1) Nie genoeg bandwydte nie/Netwerkverkeer/Oorlading (2) Lêers wat gedeel word is te groot (3) Swak sein (4) Foutiewe/Verouderde hardeware (5) DDoS-aanvalle ✓✓ (Enige twee)	2	4
9.3.1	**TWEE nadele van die gebruik van videokonferensies** (1) Vereis vinnige internetkonneksie (2) Gebruik baie data wanneer video gebruik word/Data limiet (CAP) word gou bereik (3) Tekort aan fisiese aangesig tot aangesig kontak/nie-verbale leidrade ✓✓ (Enige twee)	2	
9.3.2	**Goeie praktyk om te oorweeg wanneer aanlyn onderhoude gevoer word** (1) Elimineer agtergrondklanke (2) Toerusting moet korrek opgestel word (3) Maak seker dat die onderhoud opgeneem word (4) Maak seker daar is goeie beligting (5) Praat duidelik/Hoorbaar *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoord)* ✓ (Enige een)	1	

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

9.3.3	**Onderhoud beter as vraelys** (1) Dieper insig/verduideliking en opvolg (2) Nie-verbale leidrade (3) Terugvoer is onmiddelik (4) Bou verhoudings *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoorde)* ✓✓ (Enige twee)	2	5
9.4.1	**Akroniem betekenis van MP** Megapixel ✓	1	
9.4.2	**Gebruik van OKH ('OCR') sagteware** Om 'n redigeerbare sagtekopie ✓ van 'n geskandeerde kopie te skep	1	
9.4.3	**Beveel aan waarom ou foto's nie geskandeer word nie** (1) Swak kwaliteit geskandeerde beelde (2) Alle gebreke (soos skeure en krake) sal ook in die beeld verskyn (3) Tydrowende proses (4) Broos foto's kan beskadig word ✓ (Enige een)	1	3
9.5	**TWEE voordele van foto's in wolkberging stoor in plaas van lokale stoor** (1) Gemaklike toegang van enige toestel op enige plek/enige tyd met internetverbinding (2) Dien as stoorspasie vir rugsteun (3) Diensverskaffer mag meer sekuriteit verskaf as lokale stoor (4) Spaar stoorspasie op lokale toestel (5) Sinchronisering dienste tussen toestelle ✓✓ (Enige twee)		2
9.6.1	**TWEE tipes sagteware om mee te ontwerp** (1) Lessenaarpublikasie ('Desktop publisher') sagteware (2) Ontwerpsagteware (3) Aanbiedingsagteware ('Presentation software') (4) Woordverwerkingsagteware (5) Webontwerpsagteware ✓✓ (Enige twee)	2	
9.6.2	**Woordverwerkingseienskap om prent langs paragraaf te skuif** Teksomvou ('Text wrapping') ✓	1	5

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

9.6.3	**Merker en attribuut vir 'n hiperskakel** <a> anker merker ✓ href ✓	2	
9.7.1	**NVK (‘NFC’) betaling** Betalings word gemaak deur die POS en toestel/bankkaart naby aan mekaar te bring/'tapping' ✓ wat dit toelaat om data draadloos oor te dra ✓	2	
9.7.2	**TWEE metodes om betaling van die huis af te maak** (1) Aanlyn bank/EFT (2) Elektroniese kaartbetalings (3) Geldstuur-dienste (bv. Cash send, eWallet) (4) Kripto-geldeenheid (5) Betalingspoort bv. PayPal (deur jou bank toep) ✓✓ (Enige twee)	2	4
			[25]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

10.1.1	**Verduideliking van inligting** Inligting is verwerkte data wat betekenis het ✓	1	
10.1.2	**TWEE redes vir die gebruik van elektroniese vorms** (1) Akkuraatheid (2) Deelnemers kan die vorm in 'n korter tyd invul/Meer effektief om deur deelnemers ingevul te word (3) Minder kans vir verwerkingsfoute (4) Pas data validering toe (5) Stoor/verwerk/analiseer inligting (6) Deel met/Bereik 'n groter gehoor (7) Meer omgewingsvriendelik ✓✓ (Enige twee)	2	3
10.2.1	**EEN ander advertensiemetode** (1) Strooibiljette/Plakkers (2) Aanlyn platforms bv. sosiale media (3) Gedrukte koerante/tydskrifte (4) Advertensiebord (5) Radio/TV ✓ (Enige een) *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige spesifieke voorbeeld)*	1	
10.2.2	**Resultaat van QR-kode skandeer** Die QR-kode verskaf 'n skakel na die webblad/dokument/ addisionele inligting ✓	1	2
10.3.1	**Metode om klein bedrae in te samel van groot aantal mense** Skarebefondsing ✓	1	
10.3.2	**Voorbeeld van aanlyn platforms om geld in te samel** (1) Kickstarter (2) Indiegogo (3) GoFundMe (4) seedInvest (5) Kiva (6) Patreon (7) CrowdQueb (8) Back a Buddy ✓ (Enige een) *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoord)*	1	2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

10.4.1	**TWEE spesifikasies wat impak op kwaliteit van kamera het uitgesluit resolusie** (1) Kwaliteit van lens (2) Kwaliteit/grootte/tipe sensor (3) Kleurdiepte (4) Kontrasverhouding (5) Aanboordsagteware/Sagtewarefilters (6) ISO-gradering (7) Digitale vs. optiese zoem (8) Beeldstabilisering (9) Beeldverwerker (10) Sluiterspoed (11) Flits *(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geldige antwoorde)* ✓✓ (Enige twee)	2	
10.4.2	**TWEE voordele van kaartleser** (1) Vinniger prent oordrag na rekenaar vanaf digitale kamera (2) Gebruik minder energie/krag (3) Foto's kan oorgedra word na skootrekenaar sonder dat die kamera teenwoordig is (4) Laat jou toe om te lees en te skryf na baie verskillende kaarte ✓✓ (Enige twee)	2	4
10.5.1	**Tipe netwerk** WLAN/LAN/WAN ✓	1	
10.5.2	**TWEE redes vir die gebruik van RFID-etikette** (1) Volg die deelnemers se vordering/veiligheid gedurende die resies (2) Hou rekord van die deelnemer se tye (3) Bepaal die posisie/rangorde van deelnemer ✓✓ (Enige twee)	2	
10.5.3	**Transmissie van RFID tegnologie** Radio-frekwensie seine/radiogolwe ✓	1	4
10.6	**Definisie van outonome kar** 'n Selfbesturende ✓ kar, wat sy omgewing kan waarneem en met min of geen menslike toevoer ✓ veilig rondbeweeg		2
10.7.1	**Verduidelik ergonomiese ontwerp** Die ontwerp van meubels en ander toestelle om die werksomgewing gerieflik en veilig te maak ✓	1	

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

10.7.2	**Ander manier om liggaamlike stremming te vermy** (1) Staan op en neem gereeld 'n breuk (2) Sit regop/Rug teen stoel (3) Rek jou rug/skouers/nek (4) Sit met albei voete plat op die grond (5) Moenie gebuig sit/nek buig nie/korrekte postuur (6) Kyk elke 15 minute weg van die rekenaarskerm ✓✓ (Enige twee)	2	3
10.8.1	**Voorwaardelike formatering om data te analiseer** (1) 'Highlight' selle: rangorde van deelnemers volgens resies (2) 'Top or bottom' reëls: identifiseer die eerste of laaste posisie (3) 'Data bars': om die data grafies aan te dui (4) 'Colour scales': dui die rangorde in kleure aan (5) 'Icon sets': dui die rangorde in ikone aan ✓✓ (Enige twee)	2	
10.8.2	**Kombinasie van sigbladfunksies** CONCATENATE/& ✓ en RANDBETWEEN ✓	2	
10.8.3	**Noem sigbladeienskap** Uitvoer (‘Export’) ✓	1	5
			[25]

TOTAAL AFDELING C: 50

GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou …